Sommer net ...



## Tussen Mispa en Sen
## uit "De Stem Achter U" [1]

*Gabe van Duinen*

***"Toe het Samuel 'n klip geneem en  dit tussen Mispa en Sen opgerig.***
***Hy het dit Eben-Haeser genoem en gesê: "Tot hiertoe het die Here ons gehelp."*** [2]

Die klip het lankal tot stof vergruis. Maar die naam, wat Samuel aan hierdie klip gegee het, is steeds bekend. Dit het oor die hele wêreld versprei. Dit is deur al die eeue heen in duisende gewels en muurtekse gedruk. Wat meer is: dit is in miljoene harte gegraveer. "Eben-Haeser: Tot hiertoe het die Here ons gehelp."

Samuel het die klip tussen Mispa en Sen opgerig. Natuurlik het hy rede gehad om dit te doen. Gedenkstene word nie onwillekeurig op plekke opgerig nie. Gedenkstene herdenk ons herinnering aan 'n spesifieke plek. Samuel rig die klip op "tussen Mispa en Sen."

Van Mispa weet ons wel. Dit is die plek waar God Israel op 'n wonderlike wyse gehelp het – die plek van skouspelagtige gebeurtenis waaroor die hele Israel gepraat het. Van Sen weet ons niks. By Sen het niks gebeur nie. Sen kom nie in Israel se geskiedenis voor nie.

As Samuel nou hierdie klip tussen beide plekke oprig – net so naby Sen as by Mispa – dan dank Samuel die Here daarmee vir die bekende en ook die onbekende hulp in 'n onbekende en onseker môre, vir die groot dinge en klein dingetjies, vir dit waaroor almal praat en vir dit wat reeds weer vergete is. Samuel neem beide plekke gelyktydig in sy dankbare herinnering op. Vir beide Mispa en Sen sing Samuel vir die Here sy lofsang.

Laat ons Sen by Mispa nie vergeet nie.

***

*Bronne:*
1. Ds Gabe van Duinen: *De Stem Achter U* ; A.W.Sijthoff, Leiden, Nederland; 5de druk 1967; p370
2. Die Bybel: 1 Sam 7:12  (2020 vertaling)